19.13 RAPPORT 5: DEPUTATE JEUGSORG – KAMPE EN PROJEKE (Art 168)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Acta 2012:248, 3.1: Dat bogenoemde projek (Gee-geleenthede) op ‘n gereelde basis deur die te benoeme Deputate Jeugsorg aangebied word.
1.2 Acta 2012:248, 3.2: Dat die moontlikheid om kampe en toere op nasionale vlak aan te bied, weer ondersoek word.
1.3 Acta 2012:248, 3.3: Dat die Riviertoer ‘n jaarlikse instelling word.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem – Opdrag 1.1*
2.1.1 Gee-geleenthede nl. Gkafee (KKNK te Oudshoorn) is in 2013 en 2014 deur Deputate Jeugsorg *(Kruispad)* aangebied, sowel as HarTklop@Aardklop (te Potchefstroom) in 2012 en 2013 (2014 was met die opstel van die Rapport nog in beplanning).
2.1.2 Tydens Gee-geleenthede word jongmense en gesinne bygestaan om in die praktyk van onvoorwaardelike liefde te demonstreer aan die hand van Handelinge 20:35.
2.1.2.1 Met HarTklop@Aardklop 2012 het 40 gelowiges ingeskryf om te *Gee*, hoewel die aantal wat by die tent gehelp het dikwels ongeveer 90 was. Dieselfde seën is beleef tydens 2013.
2.1.2.2 Hartklop@Aardklop is tans op so ‘n stadium dat die Deputate Jeugsorg van die logistieke funksies aan die plaaslike gemeentes oordra, terwyl ons ondersteun met die fokus en bemarking daarvan.
2.1.2.3 Met G-kafee 2013 kon getuig hoe dat die Here deure geopen en voorsien het vir lede van die Deputate om die dienswerk te gaan verrig. Die plaaslike gemeenskap van Oudtshoorn het ook “ingekoop” in hierdie praktiese wyse van Evangelie leef en het dit as hul eie aanvaar. Tydens 2014 het meer jongmense uit die Kaap betrokke geraak.
2.2 *Sake waarvan die Sinode kennis neem – Opdrag 1.2*
2.2.1 ‘n Nasionale kamp of toer is nie in die afgelope termyn deur die Deputate geïnisieer nie, vanweë al die ander streeksaktiwiteite t.o.v. Jeugbedieninge wat plaasgevind het – ook deur Klassisse en Streeksinodes.
2.2.2 Die geleentheid het hom wel voorgedoen om die volgende toer en uitreik (waarheen soveel as moontlik jongmense uitgenooi is) te organiseer en deur te voer:
2.2.2.1 Israel toer: ‘n Baie geslaagde *Kruispad*-Israeltoer is gedurende 2012 (17 tot 26 November) gereël, op eie onkoste, onder leiding van ds Maarten van Helden.
2.2.2.2 Botswana-uitreik: ‘n Uitreik na Botswana is geïnisieer vir Januarie 2014 en is meegemaak deur 11 persone van oraloor uit die kerkverband. Die doel was om te help met bouwerk aan fasiliteite vir die Eben en Phia le Roux (sendelinge onder die Boesmans).
2.3 *Sake waarvan die Sinode kennis neem – Opdrag 1.3*
Twee “Riviertoer”-geleenthede is deur die Deputate Jeugsorg in die afgelope termyn onderneem, nl Frankfort riviertoer (ondersteunend by die GK Frankfort) en die Boland riviertoer.
2.3.1 <u>Frankfort riviertoer</u>
2.3.1.1 <u>Terugvoer 2012</u>
2.3.1.1.1 ‘n Totaal van 191 jongmense het die riviertoer meegemaak.
2.3.1.1.2 17 predikante het die Bybelstudie- en groepsbesprekings en oordenkings hanteer.

2.3.1.1.3 Die tema wat bespreek is, was: *Omkeerstrategie in die lig van die briewe aan die 7 gemeentes in Openbaring.*

2.3.1.2 Terugvoer 2013

2.3.1.2.1 'n Totaal van 178 jongmense het die riviertoer meegemaak (ook vanuit ander kerke).

2.3.1.2.2 11 predikante het die Bybelstudies, groepbesprekings en geestelike versorging hanteer.

2.3.1.2.3 Die tema wat bespreek is, was: *In die voetspore van Jesus.*

2.3.1.3 Ons hartlike dank aan die GK Frankfort vir die aansienlike finansiële bydraes, logistieke reëlings en aanbied van die riviertoer. Die Here se seën word beleef in die aanbieding hiervan, ook met die oog op Riviertoer 2014 wat in beplanning is.

2.3.2 Boland rivier-/seekamp

Die Bolandrivierkamp is 'n geleentheid vir Graad 8-12 leerlinge in die Boland, geskoei op die voorbeeld van die Frankfort riviertoer.

2.3.2.1 Terugvoer 2012

2.3.2.1.1 45 kinders het van 8-12 Desember 2012 by die NG Kerk kampterrein, Bridgetown, saamgetrek. Studente van die Universiteit Stellenbosch het, saam met predikante, die geleentheid aangebied.

2.3.2.1.2 Die tema in 2012 was *Amazing reis*. Kampgangers het o.a. een van die aande met vlotte na 'n eiland gereis (roei) en 'n nag onder die sterre spandeer. Hierdie was deel van die toerusting vir jongmense se lewensreis en avontuur.

2.3.2.2 Terugvoer 2013

2.3.2.2.1 Die tweede Boland Seekamp was gehou van 5-9 Desember 2013 te Uilenkraalsmond naby Gansbaai en is bygewoon deur altesaam 53 kinders, studente, deputate en predikante.

2.3.2.2.2 Die tema vir die kamp was: *Wie is ek….Wie is jy?*

2.3.2.3 Daar word getuig van die seën van die Here op die kampe. Ons dank Hom daarvoor.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat die opdrag t.o.v. Gee-geleenthede gekontinueer word.

3.2 Dat 'n ondersoek na 'n nasionale jeugkamp en/of –toer steeds op die agenda van die te benoeme Deputate Jeugsorg gehou word.

3.3 Die Sinode versoek die gemeentes dat voortgegaan word met die Frankfort-riviertoer sowel as Boland Seekamp.

3.3.1 Dat die konsep van hierdie tipe toer/kamp na die res van SA uitgebrei word deur Deputate Jeugsorg wat in verskillende provinsies woon.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3.1 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).